DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin

**10 April 2022**

Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Lukas 2: 41 - 52 en Johannes 19: 28 - 30 |
| **Tema** | Tetelestai. Dit is volbring! |
| **Sang** | Psalm 146: 1, 8<br>Psalm 71: 12, 14<br>Psalm 130: 2, 4<br>Skrifberyming 5-3: 1, 4, 5<br>Skrifberyming 5-1: 1, 6 |

**Die sprekende Man van smarte daar aan die kruis het net één Griekse woord nodig om te sê: My pad van lyding eindig – my werk is klaar gedoen.**

**’n Woord gelaai met hemelse werklikhede:** In Afrikaans is hierdie een Griekse woord drie woorde: “Tetelestai”, of dan: “Dit is volbring.” Hierdie kort kruiswoord is die voorlaaste woord van die Sterwende. Een woord, in die laaste oomblikke, maar by die klink van dié woord maak die sesde venster op Golgota wyd oop. Ons kyk in die gemoed van die Middelaar, en die verhelderende strale van God se ewige Raad skyn deur.

**Wat is volbring?** Ons moet sekerlik hier aan minstens twee sake dink. Wanneer Christus die woord uiter, dan sê Hy daarmee: “My lydenspad is nou voltooi, Ek is by die einde”; en dan sê Hy óók daarmee: “Ek het alles volbring, die ganse Wet en die profete”. Die pad van Wetsgehoorsaamheid. Dié twee, hulle einde, is in die sesde woord van die kruis aangekondig. Die pad van lyde is in die eerste plek volbring – dit is die pad wat van die krip oor die kruis na die graf lei.

Dit is die pad van geen gestalte of heerlikheid nie, van geen aansien nie, van veragting, verlating – die pad van smarte vir die Man van smarte.

**Die hoofhaltes van sy smartpad:** Getsémane: Die gebedstuin anderkant die Kedrondal, Jesus Christus, die Eensame, worstelend onder die nagtelike hemel – sy gesig bleek van spanning en nat van trane, sy hande bewend om die wrange lydensbeker. Gabbata: Die verhoorsaal in die buitelug, Jesus Christus, die Regverdige op die plaveisel van die brug van Antonia, die woonplek van die Romeinse prokurasiehouer in Judéa – sy rug ontbloot en rou en rooi van bloed, sy kop gekroon met dorings terwyl Hy gespot word as die Koning sonder verdediging in die onregsverhoor. Golgota: Die bloedgrond buite die poorte van die stad, Jesus Christus die Heilige, tuimelend in die donker-duister van die raaiselagtige heuwel waar liggaam en siel skei in die krisisure!

**Hoogtepunt én eindpunt** - Waar die lyde sy diepte- en hoogtepunt bereik, op Golgota, bereik dit ook sy eindpunt. 'n Moeisame pad van drie-en-dertig jaar lank. 'n Pad van vernedering vir die Koning van die konings om as swak mens op aarde tussen sondaars te wees. Hy plaas 'n punt agter sy lydenspad. Met hierdie woorde reik Jesus 'n verklaring uit tot God en die mense. Tot God: Vader, die moeilike en vernederende pad tot in die dood het Ek voltooi. Vader, u verordeninge het Ek volbring. Hoor my oorwinningskreet: "Tetelestai!" En tot die mense: Júlle pad van dood het Ek afgelê. Vir júlle het Ek die wil van God gedoen. Ek oorwin: "Tetelestai!"

Dít is Sy oorwinningskreet En my oorstelpte uitroep van vreugde in God die Seun wat my as sterflike mens meer as oorwinnaar in Hom gemaak het.

# OOG VIR MEKAAR



* Ons bid vir Louis Marx wat afgelope Woensdag 2 stents na sy aarvervanging gekry het. Ons dink aan Gerda vir die nasorg wat sy gaan doen.
* Ons bid vir Hannes Sauermann wat geval het en in die hospitaal opgeneem is. Ons dink aan hom en Antoinette in die moeilike tyd.
* Ons is baie dankbaar saam met Shawn en Annemarie Koekemoer dat Lian uit die hospitaal ontslaan is en hulle almal saam tuis kan wees. Ons bid dat die tweeling mooi sal groei en sterker kan word.
* Ons dank die Here dat Ben Bronkhorst terug is by die huis na die omleiding en stent wat hy ontvang het. Ben sien weer die dokter die 13de April. Sterkte Sarie met die nasorg.
* Ons dank die Here dat Tialeen se operasie suksesvol was en dat sy weer by die huis is. Sy is baie moeg en ons bid vir spoedige genesing.
* Ons bid vir Theuns Botha wat chemo ondergaan. Baie seën met jou herstel na die bloedklont en die chemo. Mag die geloofskrag van die Heilige Gees julle gesin en familie dra in die tyd.

# KONSISTORIEDIENSBEURT 10 APRIL

**Diensbeurt: A1 Florapark**

**Ouderling: Gideon de Klerk**

**Katkisasie: Les 7 & 8**

**Diaken: Gary Carlisle**

Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal, weer soos voorheen, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.

# DIAKONIE

Die winter is weer op ons en die diakonie se kos rakke is leeg, en daarom vra ons skenkings van **sop bottels gevul met een koppie elk van rys, ertjies, lintels , boontjies en 'n "stock" blokkie**. Gevulde bottels of pakkies soos genoem kan by die kantoor afgelaai word. Hier is 'n paar leë bottels by die kerkkantoor beskikbaar. Dit kan 'n hele gesin die winter van 'n smaaklike ete voorsien.

# TEESKINKBEURTE



**10 April 2022**
**Anerique vd Walt**
**Erika vd Walt**
**Annetjie Venter**
**Corina Venter**
**Tialeen Venter**

**24 April 2022**
**Bettie Du Plessis**
**Alida Fraser**
**Alida Jansen**
**Daleen Korff**
**Hester Korff**

**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

# DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| 10 Apr 2022 | Na erediens | *Kerk* | Aktiwiteitskommissie |
| 11 Apr 2022 | 18:00 | *Kerk* | Diakonie vergadering |
| 12 Apr 2022 | 09:00 | *Kerk* | Bybelstudie |
| 13 Apr 2022 | 18:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| 13 Apr 2022 | 19:00 | *Alta Theron* | Bybelstudie |
| 14 Apr 2022 | 09:30 | *Alta Theron* | Bybelstudie |
| 14 Apr 2022 | 19:00 | *ZOOM* | Bybelstudie |



# KALENDER



| *Verjaarsdae* | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | Ouderdom | **Belydend / Doop** | **Sel/Tel no.** |
| So 10 Apr | Anel Nieuwoudt | 50 | B | 072 225 9555 |
| Ma 11 Apr | Retha Grobler<br>Francois Nel | 39<br>18 | B<br>B | 071 885 8928<br>083 739 6152 |
| Wo 13 Apr | Liza Semet<br>Xander Maré | 37<br>8 | B<br>D | 082 937 3763<br>082 318 7263 |
| Vr 15 Apr | Roelof Venter | 29 | B | 071 149 5967 |
| Sa 16 Apr | Candace vd walt | 37 | B | 082 974 3059 |

| **Huweliksherdenkings** | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| So 3 Apr 1982 | André & Annemarie Bakker | 40 | 083 457 1711<br>082 484 6267 |
| Ma 11 Apr 1998 | Kiewiet & Karin d Rand | 24 | 082 882 7975<br>072 355 5283 |
| Di 12 Apr 2014 | Flippie & Marlene Hoogendyk | 8 | 082 695 0799<br>083 648 5397 |
| Wo 13 Apr 1996 | Stephan & Heleen d Plessis | 26 | 084 491 1165<br>082 933 5360 |

## *GEDAGTE VIR DIE WEEK*

*Hy sal My aanroep met die woorde:*
*'U is my Vader,*
*my God, die rots wat my redding is.'*

*Psalm 89: 27*

## KERKRAAD

Per approbasie word die volgende broers aan die gemeente voorgehou as diaken:

**Diakens:**
Thinus vd Walt
Corne v Greunen

Voorstelle van die gemeente kan ook gemaak word , deur broers en susters te benoem om as ouderling of diaken dienswerk binne die gemeente te doen.

## KERKKANTOOR

Neem asb kennis dat die kerkkantoor **gesluit sal wees vanaf 13 April 2022 tot 19 April 2022.**

# GK Pietersburg Susters Padkafee




Die tyd het weer aangebreek vir ons Padkafee.

Ons kerkgebou word weer omskep in 'n Padkafee van ouds, en vanaf **18:00 op Vrydag, 22 April 2022,** staan ons vriendelike kelners en bekwane kombuispersoneel gereed om u bestellings te neem en voor te berei.

**Op die spyskaart is:**

*Hamburgers & Skyfies @ R40*

*Melkskommels @ R20*

**Op die kennisgewingbord is 'n lys aangebring waarop julle asseblief u naam moet invul indien julle saam gaan kom kuier en eet.**

Die afgelope paar jaar het ons oorweldigende reaksie uit die gemeente ontvang in verband met donasies vir die Padkafee! Baie dankie vir julle hulp en ondersteuning, daarsonder sou hierdie funksie nooit 'n sukses gewees het nie. Ons het asseblief weer julle hulp nodig.

**Die volgende is bestanddele wat ons nodig het vir ons Padkafee:**

30l Langlewe Volroom Melk
10 x 5l Roomys
± 2 Kassies Tamaties
± 7 Koppe Blaarslaai
20 Dosyn Hamburgerbuns
Enige kontantdonasies is ook welkom.

**Dui asseblief op die kennisgewingbord aan waar julle graag wil help.**

**Ons hoop om saam met elkeen van julle te kuier by ons Padkafee op 22 April 2022, vanaf 18:00**

# SILWERDOPPERS

Die Silwerdoppers word herinner aan die uitstappie op **Dinsdag 12 April** na Willa Maroela.

**Ons vertrek 10:00 vanaf die kerk.** Maak asb seker dat almal betyds aanmeld sodat ons saam kan vertrek.



Ons gaan lekker **worsbroodjies** eet en saam kuier. Bring jou **eie mandjie met eetgerei en drinkgoed** saam.

ONTHOU ook om **'n baadjie in te pak (die winter is hier);** en 'n **kampstoel** as jy wil.

Vir meer inligting skakel vir Marina vd Walt op 072 135 6905.

**KOM EN GENIET DIE UITSTAPPIE SAAM MET ONS!!!!!**

**Preke, dagstukkies en Die Basuin :**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Nantes Kotze |
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede** | |
| **Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*Hierna het Jesus, met die wete dat alles klaar volbring is en sodat die Skrif vervul kan word, gesê: "Ek is dors."*
*Daar het 'n kan vol suur wyn gestaan. Die soldate het toe 'n spons vol suur wyn op 'n hisoptakkie gesit en dit teen sy mond gehou. Nadat Jesus die suur wyn gekry het, het Hy gesê: "Dit is volbring!"*
*Toe het Hy sy kop vooroor laat sak en die laaste asem uitgeblaas.*

*Johannes 19: 28—30*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS